In die Junie 2022 nuusbrief:

Goedkoop rillers - Karoo lewe - Die skryfproses

In my ballon

My huis is weer vol en my lewe nog voller. My ouers is sak en pak in die Karoo en bly by ons in die huis. Pa sê hy woon ook nou tussen die "goeie mense". Liewe moeder vergeet baie, so ook of sy ons nag gesê het. Ons kry dus herhaaldelike drukkies en dankies elke aand.

Sommer vir interessantheid: Ons NG gemeente in Middelburg, Karoo, het sy 170e bestaan gevier in Mei. Die dorp het ontstaan as gevolg van die gemeente wat hier gestig is, op grond wat deur 'n boer geskenk was. Die dorp staan dus op gemeentegrond, en indien eiendom gekoop word, moet 'n deel daarvan aan die gemeente uitbetaal word. Ongelukkig brei die dorp op hierdie stadium nie uit nie 😁

Vir jou: 'n riller-promosie!

Die rede vir die "Hugo, bel die polisie!" opskrif – haha.
Volg hierdie skakel as jy hou van rillers en e-boeke lees. Aanbod sluit Sondag, 19 Junie 2022.
https://philwbooks.com/your-next-great-novel-sale/

Het jy geweet?

Wat doen 'n skrywer? Hy/sy skryf, is die eenvoudige antwoord.
Dit is BAIE meer as dit. Wanneer jy 'n boek lees, dink aan die tyd en werk wat die skrywer ingesit het.

1. Beplan die growwe storielyn. Stel jou karakterkaart op (ek sal volgende keer die detail daarvan verduidelik). Hierdie info word aangevul en aangepas soos wat die skrywery vorder
2. Skryf die storie: die eerste weergawe van die manuskrip is die lekkerste. Jy tik en bekommer nie nou oor taal of spelfoute nie. Selfs hoofstukindeling kan later verander.
3. Die groot werk kom by die self redigering: verander, verander, verander, maak beter. Los sommige tonele waarvan ek dalk gehou het, maar dit maak die storie stadig. Dalk moet ek 'n karakter laat doodgaan, 'n karakter waarvoor ek lief geraak het. Alles gaan nou oor die storie, nie oor my behoeftes of voorkeure nie.

Hierdie is die HARDE werk; ‘n proses van maak beter, die storie moet loop, die leser moet nuuskierig wees oor die volgende bladsy/hoofstuk. Die proses loop totdat jy gemaklik (en bang) voel om jou manuskrip na beta-lesers en daarna na ‘n publiseerder te stuur.

Op my agenda?

Ongelukkig nog niks nuuts om te rapporteer nie – ek het werklik nou te min ure in my dag vir alles wat ek wil/moet doen.
ONTFROMMEL lê nog steeds by my.
Ek is besig met die vertaling van Klonte Sout na Engels.
Ek het ‘n kortverhaal ingeskryf vir INK-kompetisie wat einde Junie sluit.
Ek is besig met die Skryf-jou-storie kortverhaal kompetisie wat oor 10 weke strek. Elke week kry ons uiteenlopende opdragte. Myne word op die nippertjie ingestuur... wat doen mens tog aan jouself?

Die aandag is nou op jou!

Ek vertrou dat jy gesond sal bly ten spyte van die winterkoue.
Ek het ‘n promosie op Faceboek en my blog gehardloop tot einde Mei: alle nuwe intekenare op die nuusbrief het ‘n gratis Filtervlinder ontvang. DUS: weereens welkom aan die nuwe lesers!

Groetnis!



My kontakbesonderhede:
Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)
skryf@elsabewelman.co.za
www.elsabewelman.co.za
Raak ook my vriend op: